

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 237

(Geen datum)

Die Here is my . . .

- Herder**
- Gasheer**
- Vader**
- Koning**
- Verlosser**

* * * * *

"Ek is hier om u te dien, Here"

(Psalm 27:8)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die Here is my Herder

Die beeld dat God "HERDER" is, druk die verhouding tussen die Here en sy kinders treffend uit. In hierdie beeld word die intieme persoonlike verhouding tussen God en sy kinders asook God se omvattende sorg van sy kinders mooi verwoord.

Die verhouding tussen die herders en hulle skape in die Bybelse tyd was so anders as wat ons in die moderne skaapboerdery ken.

* Die herder was meestal die eienaar of familie van die eienaar van die skape. Die troppe was nie baie groot nie en die herder het elke skaap op sy naam geken (Johannes 10:14). Die skape het ook hulle herder geken. Waar daar dikwels verskeie troppe in die beskerming van een kraal oornag het, het elke herder in die oggend sy eie skape tussen die ander uitgeroep. Vanweë die persoonlike verhouding tussen herder en skape, het hulle gereageer op sy stem. Kan u dit vir u voorstel: geen gemaal van die skape om hulle met moeite uit die kraal te keer nie. Hulle word op hulle naam geroep en dan volg hulle die herder.

So volg die skape hulle herder op pad na die weiveld. Geen aanjaery, geen gedryf nie — die herder stap voor en die skape volg. So beweeg die herder en skape na waar die kos en water is.

Op pad lê die gevaar en loer. Die roofdier is op soek na prooi. Die herder moes sy skape teen gevare beskerm. Gewapen met sy staf het hy sy skape opgepas.

Die herders moes toesien dat die sterker skape nie die swakkes van die kos en water wegdruk nie. (Esegiël 34:21) Die siek skape is verpleeg en die beseerdes is verbind. (Esegiël 34:4) Die afgedwaalde skaap is gesoek en teruggebring na veiligheid.

* So is die Here in sy liefde met sy kinders, en ook met jou besig. Hy lei hulle op die regte pad tot die eer van sy Naam (Psalm 23:3). Sy skape se lewe is nie koersloos en leeg nie. Waar Hy lei, is dit voortreflik en veilig. Hy lei dat ons Hom kan eer — daarvoor is ons immers geskape.

Is jy al sy "skaap"?

= Die wat sy stem ken en Hom volg, weet hulle is sy skape (Johannes 10:27).

= Maar Jesus Christus het ook gekom vir hulle wat nog nie in die regte kraal is nie (Johannes 10:16). Ook vir daardie skape het Hy sy lewe afgelê om hulle te red.

* Is jy een van hulle?

* Hy roep almal wat vermoeid en belas is, sonder om te verwyf.

* Hy roep sodat jy by Hom rus kan vind.

* Hy alleen kan die ware lewe in oorvloed gee.

Haas jou na die Herder toe. Die kerkdeure sal nie in jou gesig toeslaan nie. As die Herder roep moet ons na Hom toe kom!

Ds. Pieter Odendaal.

Die Here is my Gasheer

Psalm 23 is seker een van die mees bekendste Psalms in die Bybel! Ons ken dit almal.

Hierdie herders-psalm . . .

- so intiem persoonlik
- so troosryk
- so vol geloofsvertroue!

Maar nog groter word die skoonheid van hierdie Psalm as ons die "geloofselemente" in sy volledigheid raaksien.

- a) Eers word die Here deur Dawid geskets as die HERDER . . . (art. 1).
- b) dan as die GASHEER . . .
- c) en dan as die VADER . . . (art. 3)

Let mooi op: As die skape na 'n dag van wei en huppel in die velde moeg tuiskom, dan gee die Herder vir sy skape 'n rusplek . . . in die kraal waar hulle tuis is.

En nou sê Psalm 23: God as die Herder in Christus, laat ons, sy skape, wei in groen weivelde.

- Hy bring ons na waters van rus om die dors te les . . .
- Hy gee krag en lei ons op die regte pad.

En dan lees ons in vers 5: "U laat my by 'n feesmaal aansit . . . U ontvang my soos 'n EREGAS . . . ek word oorlaai met hartlikheid."

Sien u — God berei die tafel . . .

= ek ... die EREGAS

= Hy ... die GASHEER

Jy is nie net 'n skaap in God se kudde nie . . . jy is ook 'n gas aan die tafel van die Gasheer, Jesus Christus.

Nou, op hierdie oomblik en in hierdie lewe.

Ons het God tog so nodig as ons Herder, om ons te lei en te beskerm, en ons te dra deur die gevare van die sondelewe.

Maar "na die dag van aardse stryd" . . .

- as ons sterfdag aanbreek . . .
- as ons in die hemelse woning tuiskom . . .

DAN . . .

dan gaan sit ek soos 'n eregas, sê Psalm 23, aan die tafel van die Gasheer, Jesus Christus.

En ek hoor sy stem:

"Neem, eet . . .

drink almal daaruit . . .

Die feesmaal is gereed . . .

Kom julle geseëndes van my Vader ..." (Lees dan artikel 3 . . . oor die "Vader".)

Op hierdie oomblik is ons Here Jesus Christus — as GASHEER — besig om vir jou, sy kind, die ewige feesmaal voor te berei.

Glo jy dit?

Gaan leef dan so, soos 'n waardige tafelgenoot van ons HERE!

Ds. Nico Ligthelm.

*“Die feesmaal is gereed...
Kom julle geseëndes van my
Vader. . .”*

Die Here is my Vader

Die swaarkry in die lewe veroorsaak so dikwels dat mense God van onreg beskuldig.

Wanneer die storms van beproewing in jou lewe losbars, skreeu dit uit jou diepste wese:

- Here, waarom tog?
- Waarom die swaarkry?
- Waarom met my?
- Waarom straf die Here my so?
- Dit lyk so onregverdig!

Ag, as die seer in die lewe jou bitter wil maak, onthou net dit:

- God is nie die Almagtige wat jou net wil seermaak en kasty nie.
- In dit wat Hy met jou doen, ook in swaarkry en teëspoed, is Hy nie onregverdig nie.
- Watter aardse vader sal, as hy sy kind liefhet, die kind van hom onregverdig verniel?

Nou sê die Here vir ons in sy Woord: Kyk, vir my aardse kind is Ek 'n Vader in die hemel. 'n Vader wat só vir Sy kind sorg dat die kind vir altyd in die huis van die Here sal bly (Ps 23:6).

My vriend, jy moet dit baie goed beseef — dit is nie maar vanselfsprekend dat jy God se kind is nie.

Kom ons gaan kyk wat sê die Bybel van die mens:

- die mens is in sonde ontvang en gebore (Ps. 51:7)
- is van nature geneig om God en sy naaste te haat (Ef. 2:3)
- is 'n vyand (nie 'n kind nie) van God (Rom. 5:10)
- is in die mag (nie in die huis van die Vader nie) van die sonde, die duiwel en die dood (Rom. 7:11- 14).
- Nie meer kind van sy hemelse Vader nie, maar kind van die duiwel!

Maar nou het Jesus Christus, die Seun van God . . .

- Die kruis tegemoet gegaan om jou uit die kloue van die duiwel te red en so van jou God se kind te maak.
- Die hel ingegaan om jou as God se kind in sy Vaderhuis in te bring.
- Die dood ingegaan sodat sy kind in die Vaderhuis kan lewe.

Nou moet jy saamstem dat die Vader 'n geweldige hoë prys betaal het (die lewe van sy Enigste Seun) sodat die mens weer as kind in die Vaderhuis kan lewe.

- Jesus Christus het jou tuisgebring in die Vaderhuis.
- As kind moet jy nou ook tuis wees in die Vaderhuis.
- 'n Kind kan alleen ontuis wees in die huis as die verhouding met sy pa nie reg is nie.

Hoe lyk jou verhouding met jou hemelse Vader?

- Wil jy Hom graag in die erediens ontmoet?
- Luister jy graag na Hom as Hy met jou praat wanneer jy jou Bybel lees?

- Praat jy gereeld met Hom in gebed?

Waar die kind in die Vaderhuis tuis is en die verhouding tussen Vader en kind reg is, daar vertrou die kind sy Vader en weet die kind dat dit wat sy Vader ookal met hom doen, hoe swaar en seer dit ook al is, net vir sy eie beswil is.

- Is jy tuis in die Vaderhuis?

Ds. Fanie Grobler.

Die Here is my Koning

Aan 'n koning kleef so iets anders as aan 'n gewone ander mens. Net die woord "Koning" is alleen genoeg om jou gedagtes te prikkel.

Dit laat 'n mens iets terug herleef uit jou kinderjare:

- 'n Koning is dapper;
- Sy kinders is prinse en prinsesse;
- 'n Koning word bewonder;
- 'n Koning word geëer;
- 'n Koning word vertrou.

In Psalm 24 lees ons in vers 7:

"Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!" Sien u, hier word nie net van 'n koning gepraat nie. Hier is 'n *Erekoning* besig om by ewige deure in te gaan.

Ons weet wat is 'n erelid van 'n vereniging. Dit is 'n persoon wat baie vir die vereniging gedoen het. Maar ook 'n persoon wat nog altyd groot invloed het.

Dit is alles so heerlik waar van die Here.

Ons het in die begin gesê dat 'n koning dapper is, maar waar is daar 'n koning wat dapperder was as die Here Jesus? Hy het selfs vir ons die hel oorwin. Hy was dus geweldig dapper. Hy het selfs in ons plek gesterf dat ons kan lewe tot in ewigheid.

Eer u Hom na die maat van die daad wat Hy aan u bewys het? Sê jy met jou hele lewe dankie aan Hom vir daardie heldhaftige verlossing?

Hy was in my en jou plek in die hel!

Soos 'n koning het Hy vir jou en my gely tot in die dood.

Hy kon dit alleen só doen omdat Hy ALLEEN die ware KONING is!!!

Erekoning!

Hy het vir niks gestuit nie.

Daarom kan ek en jy Hom met alles in ons lewens vertrou. Hy het ons mos nie in die steek gelaat nie.

Die Here IS KONING.

Omdat Hy dit alles vir my gedoen het, is Hy mos MY KONING. Ek eer Hom steeds omdat Hy nog altyd alles vir my doen. Daarom is Hy ook my EREKONING.

Soos Hy, sal ek ook op God se tyd die ewige deure kan ingaan.

Geliefde leser, is jy gereed om saam met Hom in te gaan?

- Gaan jy saam met Hom in die Skrif in . . . elke dag?
- Gaan jy saam met Hom in die kerk in . . . gereeld?

Hoor ek jou sê dat jy te klein en nederig voel?

. . . te misrabel?

. . . te vol sonde?

Sê dit vir Hom in die gebed. Bely jou skuld. As die Here Jesus dan vir jou gely en gesterf

het, leer Hy jou ook bid: Ons Vader (Matt 6:9). Vriend, wie Vader sê, is mos kind. 'n Slaaf sê nie Vader vir sy heer nie. Waar ons Vader Koning is in die hemel en op aarde, is ons dus prinse en prinsesse.

Eer dan jou Vader en leef soos 'n Koningskind! Sy verlose kind!

Ds. Andries H. Mulder.

Die Here is my Lig en my Verlosser

In elke mens se lewe kom daar tye waarin dit so donker word dat jy nie meer raad met jouself het nie.

- Tye waarin 'n mens totaal magteloos is om jouself te verlos uit die vyandige greep wat jou wil vernietig.

Dawid, die digter van Psalm 27, het ook sulke tye geken. As soldaat op die slagveld was hy dikwels so deur vyande omring dat hy menslik gesproke 'n verlore stryd moes stry.

Dit was tye waarin dit so donker geword het, dat hy magteloos moes toekyk hoe 'n hele leërmag teen hom stelling inneem.

Stel jou voor, honderde soldate teen die enkele persoon?

- Wat 'n donker en hopelose situasie.
- Menslik gesproke is dit verby.

Dit is juis in hierdie donker omstandighede

- Dat Dawid die magteloosheid van die mens besef het;
- Dat hy in homself geen lig het vir hierdie donker nie;
- Dat hy homself nie uit hierdie verknorsing kan red nie.

Midde in hierdie geweldige donker situasie het die geloof vir Dawid nou praktiese betekenis gekry. As alles rondom hom en selfs in hom wegval, dan het die geloof nog vir hom oorgebly. Hy glo vas in die Here as sy Lig en sy Verlosser.

As die mens nie meer *weet* wat om te doen nie, dan weet God nog. As die mens magteloos is, dan is God steeds almagtig. Dit is slegs hierdie geloof in die reddende goedheid van die Here wat Dawid nog staande kon hou. Nou is hy vir geen aanval meer bang nie, selfs nie vir 'n leërmag wat voor hom besig is om hulle in te grawe nie.

Die grootste donkerte is egter nie om alleen voor 'n leër te staan nie, maar om alleen voor God, die ewige Regter, vol sondes, waarmee jy die ewige hel verdien, te staan.

Selfs in hierdie omstandighede word jy nou opgeroep om ook onwrikbaar op die HERE se reddende genade te bly vertrou.

- Die Here is getrou en Sy genade oneindig.
- Hy het Sy eniggebore Seun, Jesus Christus, na hierdie wêreld toe gestuur as die Lig en die Verlosser vir elkeen wat in Hom glo.

As jy waarlik in Jesus Christus glo, hoef jy onder geen omstandighede meer bang te wees nie. Dan kan jy seker wees:

- dat Hy ook in jou plek aan die kruis op Golgota van God verlate was, omdat Hy die prys van al ons sondes op Hom geneem het om ons daarvan te verlos.
- dat God jou *nooit meer* sal verlaat nie, maar altyd by jou is en sal wees.

Met die Here as jou Lig en Redder kan jy verseker wees van verlossing uit jou grootste nood selfs in die donkerste nag.

Ds. Sarel Cilliers.